



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL I

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:

Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Kommunikatiewe taal (30 punte)
 3. Beantwoord al die vrae.
 4. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 5. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer jou antwoorde soos die vrae op die vraestel.
 7. ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees die volgende teks noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

Ons tuin en Die Tuinroete

- 1 Elkeen se tuin het sy eie 'stories' en ons bou herinneringe op wat ons vir ewig sal onthou – of ons mekaar nou met 'n tuinslang natspuit, of hoog in 'n boom probeer klim. As jong kinders speel ons in 'n fantasiewêreld wat wyer uitkring as net die grasperke van ons eie agterplase. Soos ons ouer word, word ons tuin soos 'n dagboek waarin ons ons jeugervaringe en herinneringe vasvang.



[Bron:< www.backyardgardenliving.com>]

- 2 Langs die Ooskus van Suid-Afrika is daar ook 'n 'tuin' waar baie mense jaarliks vakansie hou. Die Tuinroete, soos hierdie gebied bekend staan, bied baie interessante stories. Soos met verbeeldingryke kinders in hulle eie tuine, is hierdie stories van grootmense en diere soms fabelagtig en ongelooflik.
- 3 Daar is die storie van De Wet du Toit (24), 'n plaaslike akteur van George. Hy het besluit om sy eie Tarzan-kortfliek te maak. Hy het hard aan sy liggaamsbou gewerk en sy 'kostuum' self gemaak. Sy tweelingbroer, Rudolf, deel sy passie vir liggaamsbou en hulle oefen gereeld saam.



[Bron: Google Images]

- 4 Binne twee maande het sy kortfliek reeds meer as 1 000 besoeke op *YouTube* ontvang. Die kortfliek speel af in gebiede rondom die Tuinroetedorp, die Kaaimansriviergebied in Wildernis en die Outeniekwaberge – hierdie Tarzan se eie 'speeltuin'.

- 5 De Wet du Toit het nou sy visier op die rol van Tarzan vir 'n Hollywood-produksie wat vir aanstaande jaar beplan is.
- 6 Hy het die flik na 'n Hollywood-agent gestuur, wat akteurs vir die gesogte rol, Tarzan, keur. Hierdie agent het Du Toit genooi om 'n toneelkursus van ses maande, wat sal dien as voorbereiding vir die oudisies, by te woon.
- 7 Du Toit het al as kind 'n liefde vir die natuur getoon. Sy pa was 'n natuurbewaarder, en hy het op plase in Namibië en Botswana grootgeword.
- 8 *Cape Nature* gaan sy kortfliek bekendstel. Hulle gaan vir Du Toit na die Suid-Kaapse skole stuur om leerlinge bewus te maak van renosterstropery in Suid-Afrika. Terselfdertyd sal hy ook geld vir die toneelkursus insamel.
- 9 Dan is daar die storie van *Fiela se kind*, wat ook in die Tuinroete afspeel.



[Bron: Google Images]

- 10 Die verhaal speel af in die Oudtshoorn-omgewing en Knysna-bos. Dit vertel die verhaal van 'n bruin vrou, Fiela Komoetie, wat 'n wit weggooikind, Benjamin vir nege jaar soos haar eie kind grootgemaak het.
- 11 Tonele uit die film is in die Knysna-bos, Buffelsbaai, Oudtshoorn en die Chimanimani-nasionale park in Zimbabwe (waar daar mak olifante was) geskiet.
- 12 Dalene Matthee het gereeld 'n draai op die stel gemaak om te sien hoe die regisseur, Katinka Heyns, haar boek verwerk het. Dit was vir Katinka 'n hoogtepunt om in die Knysna-bos te verfilm.
- 13 Laastens het 'n groepie fietsryers in die Knysna-bos hulle storie op *Facebook* vertel nadat hulle olifantspore en 'n hoop vars olifantmis daar gesien het. Foto's hiervan is op *Facebook* geplaas. Dit het toe 'n speletjie geword om te sien wie van hulle eerste 'n olifant sou sien.
- 14 "Tekens van grootvoete word gereeld in hierdie omgewing gesien," het 'n woordvoerder van die Tuinroete Nasionale Park gesê. "Volgens aanduidings is daar een tot vyf olifante in die bos."



[Bron: Google Images]

- 15 Dit lyk asof die mense in al drie hierdie stories, net soos kinders in die tuin, ook lekker in Suid-Afrika se eie 'tuin' gespeel het.

(526 woorde)

[Verwerk uit: *Die Burger*, 1 Junie 2011 en 8 Desember 2012 en *Rapport*, 24 Februarie 2013]

- 1.1 Noem EEN aktiwiteit **uit die teks** waarmee jong kinders hulself besig hou terwyl hulle in die tuin speel. (1)
- 1.2 Waar is die Tuinroete? Beantwoord in 'n volledige sin. (1)
- 1.3 Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord deur EEN woord uit die teks aan te haal.
- Die man wat die rol van Tarzan in hierdie kortfliek vertolk, is van Hollywood afkomstig. (2)
- 1.4 Op watter media-netwerk kan ons hierdie Tarzan-kortfliek sien? (1)
- 1.5 Kies slegs die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter in jou antwoordboek neer.
- De Wet du Toit het **sy visier op die rol van Tarzan**, beteken hy ...
- A teken mooi prentjies van Tarzan.
 B kyk aanhoudend na prentjies van Tarzan.
 C wil die volgende Tarzan in 'n film wees.
 D wil Tarzan met sy vuurwapen skiet. (1)
- 1.6 In watter drie gebiede van die Tuinroete is hierdie kortfliek verfilm? (1)
- 1.7 Wat sal De Wet moet doen voordat hy vir 'n oudisie vir die Hollywood-rol van Tarzan kan gaan? (1)
- 1.8 Noem enige aspek uit De Wet se kinderdae wat bygedra het tot sy liefde vir die natuur. (1)
- 1.9 Van watter sportsoort hou De Wet en sy tweelingbroer, Rudolf? (1)
- 1.10 1.10.1 Waarmee gaan De Wet vir *Cape Nature* help? (1)
- 1.10.2 Watter voordeel hou hierdie projek vir De Wet in? (1)
- 1.11 Verduidelik in **jou eie woorde** wat "n weggooikind" (paragraaf 10) is. (1)
- 1.12 Hoekom is sekere tonele van *Fiela se Kind* in Zimbabwe verfilm? (1)
- 1.13 Waarom het Dalene Matthee die filmstel tydens die verfilming van hierdie fliek besoek? (1)
- 1.14 Waaraan is dit duidelik dat daar nog olifante in die Knysna-bos is? (1)
- 1.15 Watter ander woord uit die leesstuk verwys ook na olifante? (1)

1.16 Kies die korrekte antwoord. Skryf net die nommer en letter in jou antwoordboek neer.

Natuerbewaarders dink dat daar ... olifante in die Knysnabos oor is.

- A slegs een
- B tussen een en vyf
- C 'n groot trop
- D vyf of meer

(1)
[18]

VRAAG 2

Bestudeer die advertensie hieronder noukeurig en beantwoord dan die vrae wat volg:

Hartenbos – Ruim 3-Slaapkamerhuis Te Koop!



Ook gekoppel aan: LinkedIn, Facebook en Twitter.

Ruim 3-slaapkamerhuis in sekuriteitsoord langs die gesogte Tuinroete.

Oopplan kombuis met eetkamer en ruim sitkamer. Waskamer, aangeboude braaiarea, dubbel garage en onderdakstaanplek.

15 min. stapafstand vanaf strand en winkelsentrum.

Sel: 064 474 1925

Epos: Susan@wihs.org.za

Datum geadverteer:	28/11/2012
Laas nagegaan:	03/12/2012
Prys:	R 895,000
Adres:	Hartenbos, Mosselbaai, Suid-Kaap
Te koop deur:	Eienaar
Slaapkamers:	Drie
Tipe woning:	Huis
Badkamers:	Twee
Parkering:	Motorhuis en onderdakparkering

Hierdie advertensie mag verouderd wees.

[Verwerk uit: <perhaps.co.za>]

- 2.1 In watter voorstad van Mosselbaai is hierdie huis geleë? (1)
- 2.2 Wie bied hierdie huis te koop aan? (1)
- 2.3 In watter **maand** het die adverteerder die laaste keer aan hierdie advertensie verander? (1)
- 2.4 Aan watter sosiale netwerke is hierdie advertensie gekoppel? (1)
- 2.5 Hoe weet ons dat hierdie huis **redelik veilig** is? (1)
- 2.6 Hoe kan die leser persoonlik met die adverteerder kontak maak? Sê **volledig** in 'n sin. (2)

[7]

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4**

Lees die uiteensetting, instruksies en teks en voer dan die opdrag uit.

'n Graad 12-leerder doen navraag oor die prosedure wat gevolg moet word om aan 'n spesifieke universiteit te studeer. Die gesprek tussen die graad 12-leerder en die klerk in die administrasiekantoor is in dialoogvorm.

- Lees die dialoog aandagtig deur.
- Som die vyf **hoofpunte van die prosedure om aansoek te doen** op.
- Jy moet dus net die klerk se respons aan die graad 12-leerder opsom.
- Skryf die opsomming puntsgewys in vyf volsinne en 70 woorde neer.

ONTHOU:

- Skryf 'n woordtelling aan die einde van jou opsomming neer.
- Moenie volsinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Jy sal gepeenaliseer word as jou opsomming te kort (minder as 60 woorde) of te lank (meer as 70 woorde) is.
- Elke hoofpunt moet slegs 'n sin en feit bevat.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

Student:	Goeiemôre. Wat is die aansoekprosedure om hier te studeer?
Klerk:	Die hele prosedure is in hierdie inligtingspakket wat ek nou vir jou gee, uiteengesit. Volg die instruksies en onthou jou aansoek moet so gou moontlik ingedien word. Aansoeke word jaarliks vanaf April aanvaar.
Student:	Sjoe, dit is al vroeg. Is daar enige kostes aan die aansoek verbonde?
Klerk:	Ja, 'n administrasiefooi word verlang met elke aansoek wat ingedien word. Die kostes hang af van die kursus wat jy wil volg. Verwys asseblief na die uiteensetting van kostes in die inligtingspakket wanneer jy dit ontvang.
Student:	Is daar addisionele dokumentasie wat ek aan die universiteit sal moet stuur?
Klerk:	Ja, vul die nodige dokumente in die inligtingspakket in en stuur dit saam met al jou skooluitslae terug aan die universiteit. Voornemende studente moet seker maak dat alle eksamenuitslae vanaf graad 11 tot September van graad 12 ingelewer word. Die verwerking van aansoeke mag vertraag word indien hierdie dokumentasie nie vroegtydig ingedien word nie.
Student:	My vriend studeer op die oomblik oorsee. Sal hy 'n oorplasing kan kry om hier te kom studeer?
Klerk:	Ja, studente wat aansoek doen vir oorplasings van ander universiteite moet seker maak dat die finale uitslae van hul huidige studies so gou moontlik na ons universiteit se administrasiekantoor gestuur word.
Student:	Hoe sal ek weet wanneer om terugvoer te verwag?
Klerk:	Onthou om jou aansoek te monitor. Ons beveel aan dat almal die vordering van hulle aansoek gereeld moet opvolg om probleme te voorkom. Dit kan aanlyn gedoen word.
Student:	Baie dankie vir al jou hulp. Ek het alles neergeskryf en weet nou presies wat die prosedure is.

10 punte

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:

Wetenskapmannetjies – Antjie Krog

Julle sit onder swart teleskope	1
en kyk na die son	2
tot julle besef dat julle nooit daar sal kom.	3
Pateties bepaal julle dan ligjare	4
en vertel dat die son as't ware	5
inkrimp en eendag gaan verdwyn.	6
Ons sit maar hoog op die windpomp	7
en kyk hoe die son sy kop stamp	8
teen die rant	9
hoe hy bloei	10
hoe die vaal lug gloei	11
hoe die bome tot silhoeëtte verskroei.	12
Daarom liewe menere teken ek klawertjies	13
tussen my huiswerk, kry ek 26%	14
want ek luister eerder na	15
die verdwaalde korhaan	16
tussen die bossies by die tennisbaan	17
ek kwadreer liever my vreugdes	18
en vind dan die logaritme van my hartseer	19
want syfers bring 'n eensaamheid	20
wat geen mens kan keer.	21

- 5.1 Gee 'n moontlike rede waarom die spreker die *verkleiningsvorm* in die titel van die gedig gebruik. (1)
- 5.2 Wie is die spreker in hierdie gedig? (1)
- 5.3 Kies die regte antwoord. Skryf die vraagnommer en die letter neer:
- Die woord 'maar' in reël 7 impliseer hulle ...
- A wil liever iets anders doen.
- B is honger en wil afklim.
- C wens hulle het ook teleskope.
- D is nie ernstig en bekommerd nie. (1)
- 5.4 **Benoem** die rymskema in reëls 4 en 5. (1)
- 5.5 **Watter enkele woord** in strofe 1 sê vir ons *hoe* die spreker oor die wetenskapmannetjies voel? (1)
- 5.6 5.6.1 Waar sit 'ons' in strofe 2? (1)
- 5.6.2 Wat maak hulle daar? (1)
- 5.7 Noem een **sintuig** wat die spreker in die gedig gebruik. (1)
- 5.8 5.8.1 'want ek luister eerder na die verdwaalde korhaan.' Na wie is die spreker veronderstel om te luister? (1)
- 5.8.2 Wat is die implikasie vir die spreker omdat hy/sy 'eerder na die verdwaalde korhaan' luister? (1)

[10]

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG**Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:****in en uit – André Letoit**

ek wil wys wees	1
sonder om oud te word	2
ek wil 'n vrou trou	3
ek wil my kinders se hande vashou	4
maar ek wil nooit middeljarig siniel	5
in my onderbroek sit en koerant lees nie	6
ek wil god leer ken	7
maar ek wil nie kerk toe gaan nie	8
ek wil dans en kerjol	9
maar ek wil nie as 'n vuilbaard dronklap vrek nie	10
maar as ek dan móét sterwe	11
gaan ek liewers reguit dood	12
as om my hele lewe lank stadig oud te word	13
agter 'n lessenaar met 'n afgekoude pen	14
en twee draadmandjies	15
wat weemoedig uitroep	16
in en uit	17

- 6.1 6.1.1 Wat is die **letterlike** betekenis van die titel van die gedig? (1)
- 6.1.2 Wat is die **figuurlike** betekenis van die titel van die gedig? (1)
- 6.2 Kies die regte antwoord. Skryf net vraagnommer en die letter neer:
'ek wil wys wees' (reël 1) is 'n voorbeeld van ...
- A enjambement
B alliterasie
C assonansie
D personifikasie (1)
- 6.3 Waarmee assosieer die spreker *middeljarig* word? (1)
- 6.4 Waarom word 'god' (reël 7) nie met 'n hoofletter geskryf nie? (1)
- 6.5 Haal die versreël uit strofe 2 aan wat aandui dat die spreker sy lewe wil geniet *sonder dat hy dit oordoen*. (1)
- 6.6 Wat beteken dit om 'reguit dood' te gaan (reël 12)? (1)
- 6.7 Wat, volgens die spreker, sal sy lewe ondraaglik en vervelig maak? (1)
- 6.8 Gee 'n voorbeeld van *personifikasie* uit strofe 3. (1)
- 6.9 Kies die regte antwoord. Skryf net die letter neer:
Die woorde 'afgekoude pen' (reël 14) suggereer dat die spreker ... sal wees.
- A senuweeagtig
B honger
C verveeld
D ongelukkig (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:

Eksamenlokaal – Suzaan Laing

Haar skoene klik hard op die houtvloer
soos sy op en af stap
tussen rye tjoepstil banke

Nou en dan kraak die blaai van 'n blad
die Septembereksamenlug.

hande bewe met rukke oor skoon wit velle
los 'n inkwarboel agter.

Die horlosie tel twee ure af.

Sy stap stadig en oes die stelle een vir een
Blou op wit:
Ryp met gistermiddag se kennis.

7.1 Verduidelik die **kontras** in strofe 1. (1)

7.2 Kies die regte antwoord. Skryf net vraagnommer en die letter neer:

Die woorde 'rye tjoepstil banke' (reël 3) is 'n voorbeeld van ...

- A personifikasie
- B onomatopee
- C alliterasie
- D enjambement (1)

7.3 Wat, behalwe die onderwyseres se voetstappe, kan 'n mens ook in die eksamenlokaal hoor? (1)

7.4 **Haal vier agtereenvolgende woorde** uit die gedig **aan** wat aandui dat hierdie leerders **senuweeagtig** is. (1)

7.5 **Haal een woord** uit die gedig **aan** wat aandui dat die leerders se skrif deurmekaar is. (1)

7.6 Hoe lank duur die vraestel wat die leerders besig is om te skryf? (1)

7.7 Kies die regte antwoord. Skryf net die vraagnommer en letter neer:

'Sy stap stadig en oes die stelle een vir een' (reël 9) is 'n voorbeeld van ...

- A personifikasie
- B onomatopee
- C alliterasie
- D enjambement

(1)

7.8 Dui **twee afsonderlike woorde** uit die gedig aan wat moontlik na 'n boer se landerye verwys.

(2)

7.9 Wanneer, volgens die gedig, het die leerders vir hierdie vraestel geleer? Gee slegs **een woord** as antwoord.

(1)

[10]

30 punte

AFDELING D KOMMUNIKATIEWE TAAL

Bestudeer die strokiesprent hieronder. Dit is van toepassing op Vraag 8 en Vraag 9.



[Uit: Google Images – Strokiesprente]

VRAAG 8 SINSTRUKTURE

Bestudeer die voorafgaande strokiesprent en herskryf die sinne soos aangedui:

8.1 Die man sit en luister na die nuus.

Gister ... (1)

8.2 Is die vleis op die rooster al gaar?

Nee, ... (1)

8.3 Aangesien die weer goed is, kuier die gesin buite in die tuin.

Die gesin kuier buite in die tuin, want ... (1)

8.4 Robert sit eenkant op die stoel omdat hy na die nuus luister.

Robert sit eenkant op die stoel om ... (1)

8.5 Jy moet saam met die manne drink as hulle vleis braai.

Jy hoef ... (1)

8.6 Die man sit op die stoel. Hy hou nie van bier nie.

Die man wat ... (1)

8.7 Hierdie mense het elke naweek wors op die rooster gebraai.

Wors ... (1)

8.8 Koos vra vir Robert: "Wil jy saam met ons 'n drankie drink?"

Koos vra vir Robert of ... (1)

8.9 Die vrouens word gereeld deur die mans alleen gelaat.

Die mans ... (1)

8.10 Hy probeer die bier drink, maar hy hou nie daarvan nie.

Al ... (1)

8.11 Robert neem 'n slukkie bier. Hy gooi die res van die bier weg.

Nadat ... (2)

[12]

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Verwys terug na die strokiesprent. Lees die volgende paragraaf deur en doen dan elke keer wat tussen hakies gevra word. Skryf slegs die nommer en die korrekte antwoord in jou antwoordskrif neer.

Daar is **9.1 (4 – skryf die woord)** mans en twee **9.2 (vrou – gee die meervoud)** wat saam buite in die tuin is. Die mans het elkeen 'n klein **9.3 (blik – gee die verkleinwoord)** bier in die hand. Die stoele **9.4 (op + wat – gee een woord)** hulle sit, is baie gemaklik. Die gesin hou elke **9.5 (Saterdag – gee die afkorting)** 'n braaivleis. Ouma dra 'n **9.6 (glasses – gee die Afrikaanse woord)**. Ouma hou nie daarvan dat hulle **9.7 (bier, wyn, sjerrie, brandewyn – gee die versamelnaam)** drink **9.8 (i.p.v. – skryf die afkorting uit)** koeldrank nie. Sy dink die mans raak te **9.9 (opgewonde/opwindend/opgewende – kies die korrekte woord)** as hulle te lekker saam kuier. Robert hou nie van bier nie en sê dit smaak **9.10 (baie bitter – gee die intensiewe vorm)**. Hy gooi die bier in die **9.11 (mug – gee die Afrikaanse woord)** **9.12 ... (vul die korrekte voorsetsel in)** sy rug op die gras uit. Die ander mans vra geskok of hy **9.13 (mal – gee 'n sinoniem)** is. Dit is die vinnigste wat drie mans op die gras duik om die bier te kry. Die jong man se **9.14 (teehemp/T-hemp/T hemp – kies die korrekte woord)** span styf om sy bo-arms. Om hierdie mans so op die grond te sien rondkruip, is die **9.15 (snaaks – gee die oortreffende trap)** ding ooit. Teen **9.16 (21:00 – skryf die tyd uit)** is almal doodmoeg en gaan hulle slaap.

[16 × ½ = 8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Lees die inligting hieronder, wat op die spotprent gebaseer is, deeglik deur.
- Voer die instruksies, wat by elke situasie gevra word, uit.
- Skryf elke keer die woorde neer van die persoon wat praat.
- Elke respons moet tussen 12 – 18 woorde lank wees.
- Die respons kan uit een of twee sinne bestaan.



[Bron: Beeld – 4 Julie 2012]

- 10.1 Die man met die sigaret in sy mond is **bekommerd** oor sy eie gesondheid. Wat sê hy vir sy vriend? (2)
- 10.2 Sy vriend wat saam met hom stap, gee vir die man wat rook **advies** oor wat hy moontlik kan doen om sy gesondheid te verbeter. Skryf neer wat hy vir sy vriend sê. (2)
- 10.3 Die tienerseun, wat agter die twee mans stap, is laat vir 'n afspraak met sy meisie. Hy skakel haar op sy selfoon om **verskoning** te maak. Watter rede gee hy vir haar oor hoekom hy laat is? (2)
- 10.4 Die baba in die stootwaentjie huil omdat sy honger is. Wat sê haar mamma vir die baba om haar te **sus/paai**? (2)
- 10.5 Die klein seuntjie met die pet op sy kop het weggedwaal van sy ouers en voel **bang** en alleen. Wat sê/vra hy vir al die mense om hom? (2)

[10]

30 punte

Totaal: 100 punte